

NestEgg CAPITAL

# maandelikse markoorsig

& jy

**AUGUSTUS** in oorsig 2026

## In hierdie uitgawe


In die Verenigde State het beleggers se aandag steeds op die Federale Reserweraad gebly.

Die goudprys het gedurende Augustus met 9,4% in Amerikaanse dollar-terme gestyg.

Hoe passief is indeksfondse werklik?

# Ekonomiese- en markoorsig

**In die Verenigde State het beleggers se aandag steeds op die Federale Reserweraad (Fed) gebly, aangesien beleidmakers volgehoue inflasie opgeweeg het teen tekens van verlangsamende ekonomiese aktiwiteit. Notules wat in Augustus vrygestel is, het getoon dat verskeie amptenare steeds bereid was om rentekoerse verder te verhoog indien inflasie nie verder afneem nie. Swakker indiens-nemings- en kleinhandelverkoopsyfers het egter die verwagting van 'n onmiddellike verhoging verlaag.**

**In Europa het inflasiedruk toegeneem gegewe dat hoër energiepryse die streek steeds raak.** Markte het voortgegaan om te verwag dat die Europese Sentrale Bank (ESB) in September rentekoerse sal verhoog, te midde van vrese dat hoë olie- en aardgaspryse inflasie langer hoog kan hou.


**Die ekonomie in Brittanje het steeds beskeie groei getoon, met die dienstesektor wat ondersteuning gebied het ondanks stadiger groei in die vervaardigingsektor.** Beleggers het waaksaam gebly teenoor inflasierisiko's wat uit hoër energiekoste voortspruit en op die moontlikheid dat rentekoerse dalk langer hoër sal moet bly.

**Ekonomiese data in die wêreld se voorste ontluikende mark het 'n gemengde prentjie geskets. China se amptelike vervaardigingsindeks het gedurende Augustus onder die vlak gebly wat met ekonomiese uitbreiding verband hou.** Dit weerspieël voortgesette druk van swak plaaslike vraag en die langdurige afswaai in die eiendomsmark. Terselfdertyd het sterk vervaardigingsuitset en uitvoere, veral in sektore soos elektriese voertuie, batterye en industriële toerusting, daartoe bygedra dat China se handelsoorskot naby rekordvlakke gebly het. Hierdie groeiende wanbalans tussen plaaslike vraag en produksie is toenemend 'n bron van kommer vir beleidsmakers en handelsvennote wêreldwyd.

**Die vraag na halfgeleiers, rekenaars en ander produkte wat met kunsmatige intelligensie verband hou, het vervaardigingsaktiwiteit in verskeie Asiatiese ekonomieë, waaronder Japan en Taiwan, ondersteun.** Hierdie tegnologiegedrewe beleggingsiklus het gehelp om sommige van die druk wat deur hoër insetkoste en geopolitieke onsekerheid veroorsaak is, teen te werk. Die Japannese jen het tot 'n 40-jaar laagtepunt van byna ¥164 per Amerikaanse dollar geval voordat Japan en die Verenigde State 'n seldsame gekoördineerde wisselkoers-intervensie uitgevoer het om die geldeenheid te steun. Die jen het skerp versterk en tydelik tot ongeveer ¥155 tot ¥157 per dollar verbeter het, voordat 'n deel van dié winste later in die maand afgestaan is. Reuters het die intervensie as hoogs betekenisvol beskryf, aangesien dit slegs die tweede gekoördineerde jen-steunoperasie met die betrokkenheid van die VSA sedert 1998 was.

**Volgens data wat gedurende Augustus bekend gemaak is, het Suid-Afrika se jaarlikse verbruikersinflasiekoers van 5,0% in Junie tot 4,3% in Julie afgeneem.** Laer brandstofpryse, meer gematigde voedselinflasie en kleiner munisipale tariefverhogings het tot die verbetering bygedra. Die rand het ook gedurende die maand versterk en naby 'n vyfmaand-hoogtepunt teenoor die Amerikaanse dollar verhandel, aangesien verwagtinge van 'n onmiddellike rentekoersverhoging in die VSA afgeneem het.

**Ten spyte hiervan, is die plaaslike ekonomie steeds onder druk.** Data wat gedurende Augustus vrygestel is, het getoon dat mynbou, vervaardiging en elektrisiteits-opwekking gedurende die tweede kwartaal gekrimp het. Verbruikersbesteding het beperkte steun verleen, met kleinhandelverkope wat slegs beskeie groei getoon het, terwyl swak sake-aktiwiteit en gedempte vertroue steeds die breër ekonomie beperk het. Soos inflasie afneem, sal beleggers noukeurig dophou of die munisipale verkiesings later vanjaar groter beleidssekerheid bring en sake- en verbruikersvertroue help herstel.





# Markprestasie

**Wêreldmarkte het nóg 'n positiewe maand gelewer, ondanks voortgesette onsekerheid oor inflasie, rentekoerse en geopolitieke ontwikkelings. Ontwikkelde markaandele, gemeet deur die MSCI Wêreldindeks, het met 2,6% in Amerikaanse dollar-terme gestyg, terwyl ontluikende markte nóg beter gevaar het met 'n opbrengs van 3,4%.**

Die Amerikaanse mark het 'n belangrike bydrae tot wêreldwye opbrengste gelewer. Die S&P 500 het met 2,7% gestyg en die tegnologie-swaar Nasdaq 100 het 4,2% bygevoeg. Hierdie prestasie is ondersteun deur sterk beleggersentoesiasme rondom kunsmatige intelligensie (KI) en goeie winsresultate van vooraanstaande tegnologiemaatskappye.

Asiatiese markte het ook voordeel getrek uit die voortdurende vraag na halfgeleiers, rekenaarinfrastruktuur en ander KI-verwante tegnologieë. Hoewel kommer oor China se binnelandse ekonomie en eiendomsektor voortduur, het sterk uitvoersyfers en 'n byna rekordhandelsurplus gehelp om beleggersvertroue in die breër ontluikende markte te ondersteun. Intussen het Japan in die kollig gebly nadat owerhede ingegryp het om die jen te ondersteun ná 'n skerp verswakking teenoor die Amerikaanse dollar. Die Nikkei 225-indeks het gevolglik gedurende Augustus met meer as 3% gestyg.

Suid-Afrikaanse finansiële markte het gedurende die maand sterk presteer. Die JSE Indeks vir alle Aandele het 'n opbrengs van 4,6% gelewer en beter gevaar as die meeste groot ontwikkelde markindekse. Dalende inflasie, 'n sterker rand en oor die algemeen gunstige wêreldwye marktoestande het beleggersentiment ondersteun. Suid-Afrikaanse effekte het ook 'n positiewe opbrengs van 0,7% gelewer, terwyl kontant gedurende die maand met 0,6% gegroei het. Genoteerde eiendom was die uitsondering en het met 5,5% teruggesak, waarmee 'n gedeelte van die sterk winste vroeër vanjaar afgestaan is.

Onder die belangrikste bateklasse was goud een van die uitblinkers. Die goudprys het gedurende Augustus met 9,4% in Amerikaanse dollar-terme gestyg. Hierdie sterk prestasie weerspieël die voortgesette vraag na veiligehawebates te midde van geopolitieke onsekerheid en vrae oor die toekomstige rigting van inflasie en rentekoerse. Olieprys was relatief stabiel en het slegs 0,4% hoër geëindig.

Oor die algemeen het Augustus weereens getoon dat gediversifiseerde beleggers, ondanks voortgesette ekonomiese en politieke onsekerheid, steeds oor 'n breë reeks bateklasse beloon is.

| Markindekse[1] | 31 Augustus 2026 | | |
|---|---|---|---|
| (Alle opbrengste in Rand tensy anders aangedui) | 3 maande | 12 maande | 5 jaar[2] |
| SA aandele (FTSE/JSE indeks van alle aandele) | 2.0% | 18.4% | 15.9% |
| SA eiendom (S&P SA REIT indeks) | 0.4% | 24.4% | 15.8% |
| SA effekte (FTSE/JSE indeks van alle effekte) | 0.8% | 16.6% | 11.7% |
| SA kontant (STeFI) | 1.7% | 7.0% | 7.0% |
| Globale ontwikkelde aandele (MSCI wêreldindeks) | 2.0% | 10.2% | 14.2% |
| Ontluikende mark-aandele (MSCI indeks vir ontluikende markte) | -1.5% | 27.3% | 11.1% |
| Globale effekte (Bloomberg Barclays globale indeks van alle effekte) | -1.2% | -8.3% | 0.4% |
| Rand/dollar[3] | -0.4% | -8.8% | 2.2% |
| Rand/sterling | 0.2% | -8.5% | 1.9% |
| Rand/euro | -0.9% | -9.5% | 1.9% |
| Goudprys (USD) | -2.8% | 27.6% | 19.5% |
| Olieprys (Brent ru-olie, USD) | -1.7% | 32.8% | 4.4% |

1. Bron: Factset
2. Alle prestasiesyfers vir meer as 12 maande word geannualiseer.
3. 'n Negatiewe syfer impliseer dat minder rande per Amerikaanse dollar betaal word, so dit dui op 'n versterking van die rand.


BELEGGERSOPVOEDING

# Hoe passief is indeksfondse werklik?

*"...index funds are a 'cop-out' and a fad that will soon disappear..."*

*Financial Analysts Journal, November/ Desember 1976*






**Presies vyftig jaar gelede het die bekendstelling van die Vanguard First Index Investment Trust nie heeltemal volgens plan verloop nie. Jack Bogle, die stigter van Vanguard, het dit later as "'n totale mislukking" beskryf. Hy het gehoop om tussen USD 50 miljoen en USD 150 miljoen in te samel, maar het slegs meer as USD 11 miljoen ingesamel. Ondanks die teleurstellende begin was dit die eerste fonds wat individuele beleggers toegang gegee het tot 'n strategie wat bloot daarop gemik was om 'n markindeks, naamlik die Amerikaanse S&P 500, na te volg.**

Indeksfondse het van die begin af gemengde reaksies ontlok. Sommige kenners het dit destyds as 'n kortstondige tendens afgemaak. Vandag is indeksbelegging egter een van die gewildste beleggingsbenaderings wêreldwyd.

Indeksfondse word dikwels as "passief" beskryf omdat hulle daarop fokus om 'n mark-indeks te volg eerder as om individuele aandele te kies. Tog vereis elke indeksfonds 'n aktiewe besluit voordat 'n belegger daarin belê. Watter indeks moet gevolg word? Die S&P 500, Nasdaq 100, MSCI Wêreldindeks of 'n Suid-Afrikaanse aandele-indeks? Elke keuse lei tot 'n ander samestelling van beleggings en uiteindelik tot verskillende uitkomste.

Selfs binne indeksfondse word daar gereeld besluite geneem. Indeksverskaffers bepaal watter maatskappye in 'n indeks opgeneem word, hoe groot elke maatskappy se gewig is en wanneer veranderinge aangebring moet word. Fondsbestuurders moet op hul beurt besluit hoe om transaksiekoste te beperk, kontantvloei te bestuur en indeksveranderings so doeltreffend moontlik te implementeer.

Nog meer interessant is dat indeksfondse toenemend die mark self beïnvloed. Verskeie akademiese studies dui daarop dat groot invloei van geld na indeksfondse die grootste maatskappye in 'n indeks verder bevoordeel, wat hul dominante posisie versterk. Indeksfondse weerspieël dus nie bloot markte nie, maar kan ook 'n rol speel in hoe markte ontwikkel.

Dit verminder nie die waarde van indeksfondse nie. Hul kombinasie van diversifikasie, eenvoud en lae koste maak dit een van die mees suksesvolle finansiële innovasies van die afgelope vyftig jaar. Die idee dat belegging heeltemal passief kan wees, is waarskynlik meer mite as werklikheid. Elke portefeulje verteenwoordig 'n stel besluite, of dit nou deur 'n fondsbestuurder, indeksverskaffer of die belegger self geneem word.

Die les? Daar is geen manier om die behoefte aan deurdagte portefeuljesamestelling te vermy nie. Die werklike vraag is nie of 'n portefeulje aktief of passief is nie, maar of die besluite waarop dit berus, sinvol, deursigtig en in ooreenstemming met 'n belegger se doelwitte is.

Bronne: The Economist, Augustus 2026; Financial Analysts Journal, November/Desember 1976